**(21) OPENBARING 2025 – Die "Oordeelsdag". (05-09-2025)**

**Openbaring** 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy
gevangenis ontbind word; 8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier
hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en
hulle getal is soos die sand van die see. 9 En hulle het opgekom oor die breedte van die
aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit
die hemel neergedaal en hulle verslind. 10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die
poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en
nag gepynig word tot in alle ewigheid. 11 En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat
daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen
plek vir hulle gevind nie. 12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en
die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is
geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. 13 En die see het die
dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin
was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. 14 En die dood en die doderyk is in
die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. 15 En as dit bevind is dat iemand nie
opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

**Johannes** 5:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor en Hom glo wat
My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit
die dood in die lewe. 25 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is
nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor
het, sal lewe. 26 Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook
gegee om lewe in Homself te hê. 27 En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel,
omdat Hy die Seun van die mens is. 28 Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar
kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor 29 en sal uitgaan, die
wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot
die opstanding van die veroordeling. 30 Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor,
oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van
die Vader wat My gestuur het.

**Johannes** 12:46 Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in
die duisternis sou bly nie. 47 En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, Ek
oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die
wêreld te red. 48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom

oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. 49  Want
Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My ‘n
gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. 50  En Ek weet dat sy gebod die
ewige lewe is. Wat Ek dan spreek—net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek.

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE